

SUID-AFRIKAA



RGN-BIBLIOTEEK

RSING

HSRC LIBRARY

VERVALDATUM/DATE DUE

23 AUG 1981 <i>IBV</i>			
1986 -10- 08			
20 JAN 1987			
1987 -05- 18			

VISIE
ANS-
LIERE


M.A.



182572183F

NASIONALE INSTITUUT VIR KOMMUNIKASIE NAVORSING
DIREKTEUR: DR. P.C.J. JORDAAN

00000404ND



PRETORIA
1980

NAVORSINGSBEVINDINGNO MMER: KOMM-N-24

2844363866



ISBN 0 86965 677 5

Kopiereg voorbehou
Prys: R1,90
AVB ingesluit

001.3072068 HSRC KOMM N 24



* 0 0 4 9 4 2 *

ERKENNING

Die inligting wat in hierdie navorsingsbevinding vervat is, is verkry van projek KOMM 11 wat onderneem is om te bepaal wat die invloed van televisie op die skoolgaande jeug is. Data is van skole in al vier provinsies verkry.

Dank word aan die volgende persone en instansies oorgedra vir hul aandeel in die beplanning en uitvoering van die projek:

Die Komitee van Onderwys hoofde wat aanvanklik toestemming gegee het dat die projek geloods mag word;

die hoofde van skole en hul personeel wat as toetsafnemers opgetree het;

die skoolsielkundiges van die Sielkundige en Voorligtingsdiens van die verskillende onderwysdepartemente wat verantwoordelik was vir die opleiding van die toetsafnemers;

die leerlinge wat as respondente opgetree het; en

lede van die ad hoc-komitee wat met die beplanning van die projek behulpsaam was, naamlik:

Dr. J.D. Venter (Voorsitter)	Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing
Prof. T.L. de Koning	Randse Afrikaanse Universiteit
Dr. I.Z. Engelbrecht	Departement van Nasionale Opvoeding
Prof. D. Joubert	Universiteit van Stellenbosch
Mnr. P.W. Mans	Nataalse Onderwysdepartement
Prof. N.J. Mentz	Transvaalse Onderwysdepartement
Mnr. B. Olivier	Onderwysdepartement, Kaap die Goeie Hoop
Mnr. D.J.L. Pretorius	SAUK
Mnr. F. Swanepoel	OVS-Onderwysdepartement
Mnr. G. Yssel	SAUK
Dr. D.P. Conradie	Instituut vir Kommunikasienavorsing
Dr. P.C.J. Jordaan	Instituut vir Kommunikasienavorsing
Dr. C.R. Liebenberg	Instituut vir Opvoedkundige Navorsing
Mev. E.M. Madge	Instituut vir Psigometriese Navorsing
Dr. W.L. Roos	Instituut vir Mannekragnavorsing
Mnr. A.R. van den Berg	Instituut vir Psigometriese Navorsing

Die statistiese verwerking vir die ondersoek is gedoen deur die RGN se Instituut vir Statistiese Navorsing, en die redaksionele werk deur die Instituut vir Inligting en Spesiale Dienste.

1995-10-27

STELNOMMER 001.3072068 HSRC KOMM N 24 STELNOMMER G	...NOMMER 047800	8
--	---------------------	---

INHOUD

		BLADSY
1	INLEIDING	1
2	DOEL	2
3	METODE VAN ONDERSOEK	2
3.1	Steekproef	2
3.2	Die meetinstrumente	4
3.3	Die eksperimentele ontwerp	4
4	BEVINDINGS	10
4.1	Inleiding	10
4.2	Die mate waarin sekere tipes leesstof gelees word	10
4.3	Die aantal ure wat weekliks aan lees atgestaan word	19
4.4	Die mate waarin oor sekere onderwerpe gelees word	19
4.5	Biblioteeklidmaatskap buite skoolverband	20
5	SAMEVATTING	29
6	LITERATUURLYS	31

TABELLE

		BLADSY
1	HOEVEEL BOEKE HET JY VERLEDE WEEK DEURGELEES? (MOENIE SKOOLBOEKE, TYDSKRIFTE, FOTO- EN STRO- KIESVERHALE BYTEL NIE) (SEUNS)	11
2	HOEVEEL BOEKE HET JY VERLEDE WEEK DEURGELEES? (MOENIE SKOOLBOEKE, TYDSKRIFTE, FOTO- EN STRO- KIESVERHALE BYTEL NIE) (MEISIES)	12
3	IN HOEVEEL TYDSKRIFTE HET JY VERLEDE WEEK IETS GELEES? (MOENIE STROKIESVERHALE EN FOTOVER- HALE BYTEL NIE) (SEUNS)	13
4	HOEVEEL STROKIES- EN FOTOVERHAALBOEKIES HET JY VERLEDE WEEK GELEES? (SEUNS)	16
5	HOEVEEL STROKIES- EN FOTOVERHAALBOEKIES HET JY VERLEDE WEEK GELEES? (MEISIES)	17
6	HET JY VERLEDE WEEK 'N SONDAGKOERANT GELEES? (MEISIES)	18
7	HOEVEEL UUR PER WEEK BESTEE JY GEWOONLIK AAN LEES? (JOU SKOOLWERK UITGESLUIT) (SEUNS)	21
8	HOEVEEL UUR PER WEEK BESTEE JY GEWOONLIK AAN LEES? (JOU SKOOLWERK UITGESLUIT) (MEISIES)	22
9	DUI AAN IN WATTER MATE JY ELKEEN VAN DIE VOLGENDE SOORTE LEESSTOF LEES (JOU GEWONE SKOOLBOEKE UIT- GESLUIT) (SEUNS)	23

- | | | |
|----|---|----|
| 10 | DUI AAN IN WATTER MATE JY ELKEEN VAN DIE VOLGENDE
SOORTE LEESSTOF LEES (JOU GEWONE SKOOLBOEKE
UITGESLUIT) (SEUNS) | 24 |
| 11 | DUI AAN IN WATTER MATE JY ELKEEN VAN DIE VOLGENDE
SOORTE LEESSTOF LEES (JOU GEWONE SKOOLBOEKE
UITGESLUIT) (MEISIES) | 25 |
| 12 | DUI AAN IN WATTER MATE JY ELKEEN VAN DIE VOLGENDE
SOORTE LEESSTOF LEES (JOU GEWONE SKOOLBOEKE
UITGESLUIT) (MEISIES) | 26 |
| 13 | BEHOORT JY AAN 'N BIBLIOTEEK? (NIE JOU SKOOL=
BIBLIOTEEK NIE) (SEUNS) | 27 |
| 14 | BEHOORT JY AAN 'N BIBLIOTEEK? (NIE JOU SKOOL=
BIBLIOTEEK NIE) (MEISIES) | 28 |

Die gegewens wat in hierdie navorsingsbevinding aangebied word, vorm 'n onderdeel van 'n omvattende projek wat deur die Instituut vir Kommunikasie- en Media-navorsing onderneem word met die doel om die invloed van televisie op die skoolgaande jeug te bepaal. Die omvattende ondersoek spruit uit die aanbevelings van die Kommissie van Ondersoek insake Aangeleenthede betreffende Televisie en van die Tegniese Advieskomitee van die SAUK, naamlik dat navorsing onderneem word na die sosio-kulturele struktuur van die Suid-Afrikaanse gemeenskap en die invloed wat televisie daarop kan hê.

Die projek strek oor 'n termyn van agt jaar, naamlik van 1974 tot 1981, en word uitgevoer op leerlinge van standerd drie tot standerd tien. Van die standerd drie- en standerd ses-leerlinge wat by die eerste opname (1974) ingesluit was, word jaarliks opgevolg totdat hulle standerd tien bereik het. Hiernaas is vir kontroledoeleindes 'n aantal leerlinge van standerd drie tot standerd tien in 1974, 1975 en 1977 in die ondersoek betrek.

Die gegewens word deur middel van vraelyste en gestandaardiseerde toetse ingewin en 'n verskeidenheid aspekte soos persoonlikheid, verhoudings (persoonlik, sosiaal, huislik en formeel), studiegewoontes en -houdings, sosiale gedrag, waarde-oriëntasies en tydbenutting word bestudeer. Weens die omvang van die gegewens wat ten opsigte van elk van hierdie aspekte ingewin is, word daar vir doeleindes van hierdie navorsingsbevinding slegs op die leespatrone (tydbenutting) van Afrikaanssprekende standerd vyfdagskoliers gekonsentreer.

Buitelandse navorsers (Furu, 1962; Himmelweit, Oppenheim en Vince,

1958 en Schramm, Lyle en Parker, 1961) het onder andere bevind dat televisie oor die kort termyn 'n invloed op die lees van sekere tipes leesstof gehad het. Maccoby (1951), McDonagh et al. (1950) en Witty en Kinsela (1959), het ook bevind dat daar kort na die instelling van televisie oor die algemeen minder gelees word. Hierdie bevindings kan egter nie sonder meer op Suid-Afrikaanse toestande van toepassing gemaak word nie. Suid-Afrika verskil nie net kultureel van die buiteland nie, maar sy televisiediens dra ook 'n eiesoortige karakter. Met die instelling van 'n televisiediens in Suid-Afrika gedurende Januarie 1976 het dit moontlik geword om hierdie aspekte ter plaatse te ondersoek.

2 DOEL

2.1 Die doel met hierdie ondersoek is om die moontlike korttermyninvloed* van televisie op die volgende aspekte van die leespatrone van Afrikaanssprekende standerd vyf-dagskoliere te ondersoek:

2.1.1 Die mate waarin sekere tipes leesstof gelees word.

2.1.2 Die tyd wat oor die algemeen aan lees afgestaan word.

2.1.3 Die mate waarin daar oor sekere onderwerpe gelees word.

2.2 Daar sal ook gelet word op die korttermyninvloed van televisie op dieselfde leerlinge se biblioteeklidmaatskap buite skoolverband.

3 METODE VAN ONDERSOEK

3.1 STEEKPROEF

Die gegewens wat hier gebruik word, is gedurende 1974 en 1976 ingesamel tydens die omvattende ondersoek wat in provinsiale skole van die vier pro-

*Korttermyninvloed verwys in hierdie navorsingsbevinding na die invloed van televisie gedurende die eerste jaar van uitsending.

vinsies in die RSA onderneem is. 'n Steekproef van 7 108 standaard drieleerlinge wat ten opsigte van die volgende veranderlikes gestratifiseer is, is in 1974, dit wil sê voor die instelling van televisie, getrek: Geslag, taal van onderrig, stedelike en nie-stedelike ligging van die skole wat deur die leerlinge bygewoon is, asook die provinsie waarin die skole geleë is. 'n Groot aantal van hierdie kinders is weer in 1976, dus na die instelling van televisie, in 'n opvolgondersoek betrek. Vir doeleindes van hierdie studie is daar uit hierdie breë steekproef 'n seleksie van alle Afrikaanssprekende (huistaal en medium van onderrig) dagskoliere gemaak. (Koshuisleerlinge se tydbenuttingspatrone verskil waarskynlik van dié van dagskoliere.) Dié leerlinge is verder verdeel in 'n groep wat in daardie stadium (1976) reeds televisie gekyk het (die eksperimentele groep) en een wat toe nog nie televisie gekyk het nie (die kontrolegroep). Die eksperimentele en die kontrolegroep is verder volgens geslag verdeel. Die rede waarom bogenoemde seleksie en onderverdeling gemaak is, is om die eksperimentele en kontrolegroep gelyk te stel ten opsigte van veranderlikes wat moontlik 'n rol kan speel by leespatrone. (Navorsers het bevind dat die volgende veranderlikes onder andere verband hou met die leespatrone van kinders en jongmense: Stone, 1953; Roberts, 1955; Landman, 1972 (geslag) en Pieterse, 1967 (huistaal).)

By die eksperimentele groep is slegs dié leerlinge ingesluit wat tuis oor televisiestelle beskik het en wat gedurende die week en oor naweke televisie gekyk het. Respondente wat nie tuis oor 'n televisiestel beskik het nie, maar wat wel elders gekyk het (kuierrykers), is nie hierby of by die kontrolegroep ingesluit nie. Om die "nuutheidseffek" uit te skakel is slegs die respondente betrek wat in die televisievraelys aangedui het dat hulle reeds vir drie maande en langer oor 'n televisiestel in die huis beskik. Die kontrolegroep bestaan dus uit respondente wat nie tuis oor 'n televisiestel beskik het nie en ook nie elders televisie gekyk het nie. Die eksperimentele en kontrolegroep bestaan onderskeidelik uit 563 en 259 seuns en 607 en 271 meisies.

3.2 DIE MEETINSTRUMENTE


Die inligting wat in hierdie navorsingsbevinding gebruik is, is verkry uit die gegewens wat tydens die reeds genoemde opnames met die tydbenutting-, biografiese en televisievraelyste ingewin is. Slegs die vrae wat op leespatrone betrekking het, is benut.

3.3 DIE EKSPERIMENTELE ONTWERP ^{*}


Soos blyk uit die voorgaande beskrywing word daar in hierdie ondersoek gebruik gemaak van 'n toets-hertoetsontwerp met een kontrolegroep. Dit word skematies in figuur 1 uitgebeeld.

FIGUUR 1

EKSPERIMENTELE ONTWERP: TOETS-HERTOETS MET KONTROLE



Instelling van televisie



Ten opsigte van die antwoorde op elke vraag is 'n reeks vergelykings getref tussen die groepe wat in figuur 1 aangedui is. Aangesien die antwoorde slegs in frekwensievorm beskikbaar is, is die chi-kwadraat-statistiese toets (χ^2) (vergelyk Siegel, 1956) onder andere vir hierdie vergelykings gebruik.

Slegs verskille of assosiasies wat met 'n oorskrydingswaarskynlikheid

^{*} Prof. D.J. Stoker van die Instituut vir Statistiese Navorsing van die RGN is aanvanklik in die beplanningstadium van die projek geraadpleeg en sy wenke in verband met statistiese metodes is in die ontwerp geïnkorporeer.

van 0,05 of kleiner gepaard gaan, is as betekenisvol beskou. Die volgende vergelyking is getref:

3.3.1 A₁ met B₁ (deur middel van χ^2)

Indien die antwoorde van A₁ op 'n bepaalde vraag betekenisvol verskil het van dié van B₁, is geen verdere verwerkings gedoen nie, aangesien die twee groepe voor die instelling van televisie nie vergelykbaar was ten opsigte van daardie aspek van leespatrone nie.

3.3.2 B₁ met B₂ (deur middel van direkte vergelyking van frekwensies)

Aangesien twee jaar verloop het tussen die 1974- en 1976-opnames, is dit nodig om voorsiening te maak vir veranderings in die antwoorde van die leerlinge in die eksperimentele groep wat aan ander faktore as die invloed van televisie (byvoorbeeld rypingseffek) toegeskryf kan word. Dit is gedoen deur by die kontrolegroep na te gaan hoe die getal leerlinge wat een van die twee antwoordkategorieë by elke vraag gemerk het, van B₁ tot B₂ verander het. Elke verskil is dan uitgedruk as 'n breuk van die totale aantal respondente in die kontrolegroep. 'n Proporsionele aanpassing in die getal leerlinge in die eksperimentele groep wat daardie antwoordmoontlikheid gemerk het, is dan telkens gedoen.

3.3.3 A₁ met aangepaste A₂ (deur middel van χ^2)

Nadat bogenoemde aanpassing aangebring is ten opsigte van die getal leerlinge wat by A₂ in figuur 1 elk van die twee antwoordmoontlikhede gemerk het, is 'n vergelyking getref tussen hierdie aangepaste getal en dié by A₁. 'n Betekenisvolle verskil dui op 'n moontlike effek van televisie.

Stappe 3.3.1 tot 3.3.3 word deur middel van die volgende twee voorbeelde

in figure 2 en 3 geïllustreer. (Die χ^2 -waardes wat op die 0,001-peil betekenisvol is, word met 'n^{***}, dié wat op die 0,01-peil betekenisvol is met 'n^{**} en die waardes wat op die 0,05-peil betekenisvol is, met 'n^{*} in die tabelle aangedui.)

FIGUUR 2

EERSTE VOORBEELD OM ONTWERP TE ILLUSTRER: RESPONSE OP DIE VRAAG: "HOU JY VAN BERGKLIM?"

	Eksperimentele groep :		Kontrolegroep:	
	A ₁		B ₁	
Voor instelling van televisie	Ja	400	Ja	435
	Nee	<u>100</u>	Nee	<u>115</u>
	TOTAAL	500	TOTAAL	550

Instelling van televisie

	A ₂		B ₂	
Na instelling van televisie	Ja	351	Ja	460
	Nee	<u>149</u>	Nee	<u>90</u>
	TOTAAL	500	TOTAAL	550

(a) A₁ met B₁

$$\chi^2 = 0,083 \quad \text{gv} = 1$$

Verdere vergelykings kan dus in hierdie geval gedoen word.

(b) B₁ met B₂. ("ja"-response)

$$B_2 \text{ (ja)} - B_1 \text{ (ja)} = 460 - 435 = 25$$

Laasgenoemde verskil in 25
verhouding tot totaal: 550

Aanpassing wat by A₂ aangebring moet word

$$\frac{25}{550} \times 500 = 23$$

(c) A₁ met aangepaste A₂

'n Chi-kwadraat word ten opsigte van die volgende tabel uitgewerk:

	A ₁	A ₂ (aangepas)
Ja	400	(351 - 23) = 328
Nee	100	(149 + 23) = 172
TOTAAL	500	500

χ^2 -waarde: 25,458^{***} gv = 1

In hierdie geval het televisie moontlik 'n nadelige uitwerking op die respondente se voorkeur vir bergklim gehad.

FIGUUR 3

TWEEDE VOORBEELD OM ONTWERP TE ILLUSTREREN: RESPONSE
OP DIE VRAAG: "HOU JY VAN FIETSRY?"

		Eksperimentele groep:		Kontrolegroep:	
		A ₁		B ₁	
Voor instelling van televisie	Ja		50	Ja	31
	Nee		94	Nee	71
	TOTAAL		144	TOTAAL	102

Instelling van televisie

		Eksperimentele groep:		Kontrolegroep:	
		A ₂		B ₂	
Na instelling van televisie	Ja		61	Ja	57
	Nee		83	Nee	45
	TOTAAL		144	TOTAAL	102

(a) A₁ met B₁

$$\chi^2 = 0,33 \quad \text{gv} = 1$$

Verdere vergelykings kan in hierdie geval gedoen word.

(b) B₁ met B₂ ("ja"-response)

$$B_2 \text{ (ja)} - B_1 \text{ (ja)} = 57 - 31 = 26$$

$$\text{Laasgenoemde verskil in} \quad \underline{26}$$

$$\text{verhouding tot totaal:} \quad 102$$

Aanpassing wat by A₂ aangebring moet word

$$\underline{26} \quad \times \quad 144 = 37$$

$$102$$

(c) A₁ met aangepaste A₂

'n Chi-kwadraat word ten opsigte van die volgende tabel uitgewerk:

	A ₂	A ₂ (aangepas)
Ja	50	(61 - 37) = 24
Nee	94	(83 + 37) = 120
TOTAAL	144	144

χ^2 -waarde: 11,3665^{***} gv = 1

Scos in die vorige voorbeeld het televisie in hierdie geval ook waarskynlik 'n remmende invloed op die voorkeure ten opsigte van die betrokke aktiwiteit gehad. In laasgenoemde geval is televisie se invloed egter moeiliker om te interpreteer, want uit die onaangepaste syfers in figuur 3 blyk dat daar 'n toename (naamlik 11) in die eksperimentele groep se "ja"-antwoorde was. Die remmende invloed van televisie kan egter hier só geïnterpreteer word dat daar in die afwesigheid van televisie 'n nog groter toename in die "ja"-response verwag sou kon word, maar dat hierdie toename deur televisie deels teruggehou of teëgewerk is.

In albei voorgaande voorbeelde was daar slegs twee antwoordmoontlikhede by elke vraag. In gevalle waar daar drie of meer antwoordmoontlikhede is, is hierdie antwoordmoontlikhede vir die doeleindes van dié navorsingsbevinding saamgevoeg tot twee kategorieë sodat dieselfde verwerkingsprosedures as in die voorbeelde daarop toegepas kon word. Die verspreiding van die antwoorde van die kontrolegroep van 1976 is as uitgangspunt geneem by hierdie samevoeging. 'n Dichotome verdeling word gemaak met die snypunt as die skeidslyn tussen twee aangrensende kategorieë in elke tabel. Hierdie skeidslyn is die een naaste aan die mediaan en in die meeste gevalle vorm dit die grens tussen die twee kategorieë met die hoogste frekwensies. Indien die invloed van televisie langs hierdie weg uitgewys word, het dit betrekking op verskuiwings in die omgewing van die mediaan en nie op uiterste gevalle nie.

Die bogenoemde ontwerp sal dwarsdeur hierdie studie gebruik word om die moontlike uitwerking van televisie ten opsigte van elkeen van die betrokke veranderlikes te ondersoek.

4 BEVINDINGS

4.1 INLEIDING

Soos in paragraaf 3.3 vermeld, kan geen afleidings of berekenings in verband met die invloed van televisie gemaak word in gevalle waar daar reeds voor die instelling van televisie statisties betekenisvolle verskille tussen die response van die eksperimentele en kontrolegroepe voorgekom het nie. Ten opsigte van die volgende vrae oor leespatrone het daar of verskille van hierdie aard voorgekom of was die getalle in die selle te klein om verdere statistiese berekenings te doen.

- + Op hoeveel van die sewe dae het jy verlede week koerant gelees? (Seuns en meisies.)
- + Het jy verlede week 'n Sondagkoerant gelees? (Seuns.)
- + Hoe dikwels het jy verlede week strokiesverhale en fotoverhale wat in koerante verskyn, gelees? (Seuns en meisies.)
- + In hoeveel tydskrifte het jy verlede week iets gelees? (Meisies)
- + Dui aan in watter mate jy elkeen van die volgende soorte leesstof lees. Speurverhale, moordverhale en "Westerns" (seuns), leesstof oor sport (seuns), skoolverhale en koshuisverhale (meisies).

Bogenoemde veranderlikes word nie in die tabelle wat hierop volg weer=gegee nie. By al die ander vrae kon daar wel verdere statistiese bere=kenings gedoen word en word die resultate in tabelle 1-14 aangetoon.

4.2 DIE MATE WAARIN SEKERE Tipes LEESSTOF GELEES WORD

In tabelle 1 tot 6 word die response van die seuns en meisies op vrae oor

TABEL 1

HOEVEEL BOEKE HET JY VERLEDE WEEK DEURGELEES? (MOENIE SKOOLBOEKE, TYDSKRIFTE, FOTO- EN STROKIESVERHALE BYTEL NIE) (SEUNS)

GETAL BOEKE	GETAL SEUNS										CHI-KWADRAAT (x^2)	
	KONTROLEGROEP				EKSPERIMENTELE GROEP						EKSPERIMEN- TELE GROEP 1974 TEENOR KONTROLE = GROEP 1974	EKSPERIMENTE- LE GROEP 1976 (AANGEPAS) TEENOR EK= SPERIMENTELE GROEP 1974
	1974		1976		1974		1976		1976 (aangepas)			
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	(gv = 1)	(gv = 1)
Nul tot een boek	130	51	147	57	264	47	373	66	339	60		
Twee boeke en meer	126	49	112	43	296	53	190	34	224	40	0,791	18,768 ^{xxx}
TOTAAL	256	100	259	100	560	100	563	100	563	100		

TABEL 2

HOEVEEL BOEKE HET JY VERLEDE WEEK DEURGELEES? (MOENIE SKOOLBOEKE, TYDSKRIFTE, FOTO- EN STROKIESVERHALE BYTEL NIE) (MEISIES)

GETAL BOEKE	GETAL MEISIES										CHI-KWADRAAT (x^2)	
	KONTROLEGROEP				EKSPERIMENTELE GROEP						EKSPERIMEN- TELE GROEP 1974 TEENOR KONTROLE= GROEP 1974	EKSPERIMENTE- LE GROEP 1976 (AANGEPAS) TEENOR EK= SPERIMENTELE GROEP 1974
	1974		1976		1974		1976		1976 (aangepas)			
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	(gv = 1)	(gv = 1)
Nul tot een boek	114	42	151	56	266	44	328	54	246	41		
Twee boeke en meer	156	58	120	44	338	56	276	46	358	59	0,182	1,224
TOTAAL	270	100	271	100	604	100	604	100	604	100		

TABEL 3

IN HOEVEEL TYDSKRIFTE HET JY VERLEDE WEEK IETS GELEES? (MOENIE STROKIESVERHALE EN FOTOVERHALE BYTEL NIE) (SEUNS)

GETAL TYDSKRIFTE	GETAL SEUNS										CHI-KWADRAAT (x^2)	
	KONTROLEGROEP				EKSPERIMENTELE GROEP						EKSPERIMEN= TELE GROEP 1974 TEENoor KONTROLE = GROEP 1974	EKSPERIMENTE= LE GROEP 1976 (AANGEPAS) TEENoor EK= SPERIMENTELE GROEP 1974
	1974		1976		1974		1976		1976 (aangepas)			
N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	(gv = 1)	(gv = 1)	
Nul tot twee tydskrifte	162	63	160	62	336	60	341	61	347	62		
Drie tydskrifte en meer	96	37	99	38	223	40	220	39	214	38	0,427	0,289
TOTAAL	258	100	259	100	559	100	561	100	561	100		

die lees van boeke, tydskrifte, strokies- en fotoverhaalboekies en Sondagkoerante geanaliseer.

4.2.1 Die getal boeke wat die vorige week deurgelees is

In tabelle 1 en 2 word die response van die seuns en meisies op die volgende item nagegaan: "Hoeveel boeke het jy verlede week deurgelees?" Die antwoorde word tot twee kategorieë herlei, naamlik "Nul tot een boek" en "Twee boeke en meer".

Nadat daar by die eksperimentele groepe proporsioneel voorsiening gemaak is vir die normale verskuiwings wat by die kontrolegroepe voorgekom het, het daar slegs by die seuns 'n statisties betekenisvolle verskil voorgekom. Minder seuns in die eksperimentele groep in 1976 (aangepas) as in 1974 het aangedui dat hulle twee boeke en meer gelees het. Hierdie afname kan waarskynlik aan die invloed van televisie toegeskryf word.

Hierdie bevinding toon 'n mate van ooreenkoms ten opsigte van die resultate van Himmelweit, Oppenheim en Vince, 1958, wat in Engeland vasgestel het dat televisie 'n daling in die getal boeke wat seuns gelees het, tot gevolg gehad het.

4.2.2 In hoeveel tydskrifte daar iets gelees is

In die geval van tabel 3 word die response van die seuns op die vraag: "In hoeveel tydskrifte het jy verlede week iets gelees?" weergegee. Die antwoorde is in twee kategorieë ingedeel, naamlik "Nul tot twee tydskrifte" en "Drie tydskrifte en meer".

Uit die betrokke tabel blyk dat televisie waarskynlik geen invloed gehad het op die getal tydskrifte waarin seuns iets gelees het nie. Geen statistiese berekenings kon ten opsigte van meisies gedoen word nie.

4.2.3 Die getal strokies- en fotoverhaalboekies wat gelees is

Ten opsigte van die getal strokies- en fotoverhaalboekies wat gelees is, is die leerlinge (seuns en meisies) se response in die kategorieë "Nul tot een" teenoor "Twee en meer" verdeel.

Minder meisies in die eksperimentele groep in 1976 (aangepas) as in 1974 het aangedui dat hulle twee of meer fotoverhaal- en strokiesverhaalboekies gelees het (vergelyk tabel 5).

In die geval van tabel 4 wil dit voorkom of televisie geen invloed gehad het op die getal strokies- en fotoverhaalboekies wat seuns gelees het nie.

Himmelweit, Oppenheim en Vince, 1958 (Engeland) en Schramm, Lyle en Parker, 1961 (VSA) het bevind dat televisie oor die kort termyn 'n afname in die lees van strokiesverhale by beide seuns en meisies tot gevolg gehad het.

4.2.4 Die lees van Sondagkoerante

In die geval van tabel 6 word die response van die meisies op die volgende vraag ontleed: "Het jy verlede week 'n Sondagkoerant gelees?" Op hierdie vraag kon die respondente slegs "ja" of "nee" geantwoord het.

Uit tabel 6 kan afgelei word dat televisie waarskynlik tot gevolg gehad het dat meer meisies Sondagkoerante gelees het.

Ten opsigte van seuns kon geen statistiese berekenings uitgevoer word nie.

TABEL 4

HOEVEEL STROKIES- EN FOTOVERHAALBOEKIES HET JY VERLEDE WEEK GELEES? (SEUNS)

GETAL FOTO- EN STROKIES VERHAALBOEKIES	GETAL SEUNS										CHI-KWADRAAT (x^2)	
	KONTROLEGROEP				EKSPERIMENTELE GROEP						EKSPERIMEN= TELE GROEP 1974 TEENOR KONTROLE= GROEP 1974 (gv = 1)	EKSPERIMENTE= LE GROEP 1976 (AANGEPAS) TEENOR EK= SPERIMENTELE GROEP 1974 (gv = 1)
	1974		1976		1974		1976		1976 (aangepas)			
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%		
Nul tot een	123	48	127	49	251	45	283	50	274	49		
Twee en meer	135	52	131	51	312	55	280	50	289	51	0,563	1,727
TOTAAL	258	100	258	100	563	100	563	100	563	100		

TABEL 5

HOEVEEL STROKIES- EN FOTOVERHAALBOEKIES HET JY VERLEDE WEEK GELEES? (MEISIES)

GETAL FOTO- EN STROKIES- VERHAALBOEKIES	GETAL MEISIES										CHI-KWADRAAT (x^2)	
	KONTROLEGROEP				EKSPERIMENTELE GROEP						EKSPERIMEN- TELE GROEP 1974 TEENOR KONTROLE= GROEP 1974	EKSPERIMENTE- LE GROEP 1976 (AANGEPAS) TEENOR EK= SPERIMENTELE GROEP 1974
	1974		1976		1974		1976		1976 (aangepas)			
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	(gv = 1)	(gv = 1)
Nul tot een	123	45	139	52	240	40	337	56	299	49		
Twee en meer	148	55	130	48	362	60	270	44	308	51	2,123	10,413**
TOTAAL	271	100	269	100	602	100	607	100	607	100		

TABEL 6
HET JY VERLEDE WEEK 'N SONDAGKOERANT GELEES? (MEISIES)

RESPONSE	GETAL MEISIES										CHI-KWADRAAT (χ^2)	
	KONTROLEGROEP				EKSPERIMENTELE GROEP						EKSPERIMEN= TELE GROEP 1974 TEENOR KONTROLE = GROEP 1974	EKSPERIMENTE= LE GROEP 1976 (AANGEPAS) TEENOR EK= SPERIMENTELE GROEP 1974
	1974		1976		1974		1976		1976 (aangepas)			
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	(gv = 1)	(gv = 1)
Ja	179	66	177	65	400	66	440	72	444	73		
Nee	92	34	94	35	207	34	167	28	163	27	0,001	7,188 ^{xx}
TOTAAL	271	100	271	100	607	100	607	100	607	100		

4.3

DIE AANTAL URE WAT WEEKLIKS AAN LEES AFGESTAAN WORD

In tabelle 7 en 8 word die tyd wat seuns en meisies weekliks aan lees afstaan, gegee. Ten einde 'n vollediger beeld oor die invloed van televisie hierop te verkry, word die antwoordkategorieë van beide seuns en meisies nie op een wyse nie, maar op vyf verskillende wyses saamgegroepeer.

Met betrekking tot seuns (kyk tabel 7) is by die volgende vier groeperings statisties betekenisvolle verskille verkry, naamlik "0 - 1 uur" teenoor "Meer as een uur"; "0 - 3 uur" teenoor "Meer as drie uur"; "0 - 4 uur" teenoor "Meer as vier uur" en "0 - 5 uur" teenoor "Meer as vyf uur". In die geval van meisies (kyk tabel 8) is by drie groeperings naamlik: "0 - 1 uur" teenoor "Meer as een uur"; "0 - 2 uur" teenoor "Meer as twee uur" en "0 - 3 uur" teenoor "Meer as drie uur" statisties betekenisvolle verskille verkry. Hierdie verskille dui daarop dat televisie waarskynlik 'n remmende effek gehad het op die tyd wat seuns weekliks aan lees afgestaan het. By meisies word opgemerk dat meer tyd aan lees bestee is.

Himmelweit, Oppenheim en Vince, 1958 (Engeland); Maccoby, 1951 (VSA); en Witty en Kinsela, 1959 (VSA) het vasgestel dat leerlinge na die instelling van televisie minder tyd aan lees afstaan.

4.4

DIE MATE WAARIN DAAR OOR SEKERE ONDERWERPE GELEES WORD

Die dichotome-verdeling van die antwoordmoontlikhede (vergelyk paragraaf 3.3) het meegebring dat die antwoorde van die leerlinge by sommige onderwerpe in die kategorieë "Lees dit baie" teenoor "Lees dit af en toe/nooit" (tabelle 9 en 11) verdeel is, terwyl die antwoorde by die res van die onderwerpe in die kategorieë "Lees dit baie/af en toe" teenoor

"Lees dit nooit" verdeel is (tabelle 10 en 12). Die laasgenoemde verdeling het veral voorgekom by onderwerpe wat leerlinge in mindere mate gelees het.

Ten opsigte van die mate waarin daar oor sekere onderwerpe gelees is, is die volgende bevind:

4.4.1 By seuns het televisie blykbaar 'n daling in die voorkeure vir die volgende onderwerpe veroorsaak (kyk tabelle 9 en 10):

Bybelverhale, wetenskapsfiksie, verhale oor kinders, leesstof oor skoolvakke, lewensbeskrywings, reisverhale en toneelstukke.

4.4.2 Wat meisies betref (kyk tabelle 11 en 12) het televisie klaarblyklik 'n stimulerende effek op die voorkeure vir die volgende onderwerpe gehad: verhale oor kinders en spur- moordverhale/"Westerns". Die voorkeure vir Bybelverhale, literatuur oor stokperdjies en reisverhale het afgeneem. Televisie het moontlik 'n remmende effek op die lees van die Bybel gehad.

Himmelweit, Oppenheim en Vince, 1958 (Engeland) het in hulle studie oor leespatrone van leerlinge in die ouderdomsgroepe 10-11 en 13-14 jaar onder andere vasgestel dat televisie 'n stimulerende effek gehad het op die lees van feiteliteratuur. Hierdie afleiding staan in 'n mate in teenstelling met die bogenoemde bevinding. Die bogenoemde navorsers bevestig egter dat hulle leerlinge 'n groter belangstelling in "cowboys in particular, and to a lesser extent horror, serials, crime, and ordinary families" (p. 328) getoon het.

4.5 BIBLIOTEEKLIDMAATSKAP BUIE SKOOLVERBAND

Met betrekking tot tabelle 13 en 14 word die response van die seuns en meisies op die volgende vraag ontleed: "Behoort jy aan 'n biblioteek?" Op hierdie vraag kon die respondente slegs "ja" of "nee" geantwoord het.

TABEL 7

HOEVEEL UUR PER WEEK BESTEE JY GEWOONLIK AAN LEES?
(JOU SKOOLWERK UITGESLUIT) (SEUNS)

GETAL URE	GETAL SEUNS										CHI-KWADRAAT (x^2)	
	KONTROLEGROEP				EKSPERIMENTELE GROEP						EKSPERIMEN= TELE GROEP 1974 TEENoor KONTROLE= GROEP 1974	EKSPERIMENTE= LE GROEP 1976 (AANGEPAS) TEENoor EK= SPERIMENTELE GROEP 1974
	1974		1976		1974		1976		1976 (aangepas)			
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	(gv = 1)	(gv = 1)
0 - 1 uur	91	35	58	22	171	30	175	31	247	44	1,735	21,402***
Meer as een uur	167	65	200	78	392	70	388	69	316	56		
TOTAAL	258	100	258	100	563	100	563	100	563	100		
0 - 2 uur	146	57	124	48	317	56	284	50	332	59	0,000	0,713
Meer as twee uur	112	43	134	52	246	44	279	50	231	41		
TOTAAL	258	100	258	100	563	100	563	100	563	100		
0 - 3 uur	187	72	167	65	398	71	385	68	429	76	0,196	4,098*
Meer as drie uur	71	28	91	35	165	29	178	32	134	24		
TOTAAL	258	100	258	100	563	100	563	100	563	100		
0 - 4 uur	214	83	198	77	455	81	448	80	483	86	0,4	4,655*
Meer as vier uur	44	17	60	23	108	19	115	20	80	14		
TOTAAL	258	100	258	100	563	100	563	100	563	100		
0 - 5 uur	232	90	217	84	497	88	486	86	519	92	0,33	4,443*
Meer as vyf uur	26	10	41	16	66	12	77	14	44	8		
TOTAAL	258	100	258	100	563	100	563	100	563	100		

TABEL 8

HOEVEEL UUR PER WEEK BESTEE JY GEWOONLIK AAN LEES?
(JOU SKOOLWERK UITGESLUIT) (MEISIES)

GETAL URE	GETAL MEISIES										CHI-KWADRAAT (x^2)	
	KONTROLEGROEP				EKSPERIMENTELE GROEP						EKSPERIMEN= TELE GROEP 1974 TEENOR KONTROLE= GROEP 1974 (gv = 1)	EKSPERIMENTE= LE GROEP 1976 (AANGEPAS) TEENOR EK= SPERIMENTELE GROEP 1974 (gv = 1)
	1974		1976		1974		1976		1976 (aangepas)			
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%		
0 - 1 uur	88	32	79	29	206	34	135	22	155	26	0,121	9,856**
Meer as een uur	183	68	192	71	401	66	472	78	452	74		
TOTAAL	271	100	271	100	607	100	607	100	607	100		
0 - 2 uur	156	58	144	53	357	59	282	46	309	51	0,074	7,348**
Meer as twee uur	115	42	127	47	250	41	325	54	298	49		
TOTAAL	271	100	271	100	607	100	607	100	607	100		
0 - 3 uur	186	69	176	65	426	70	367	60	389	64	0,145	4,838*
Meer as drie uur	85	31	95	35	181	30	240	40	218	36		
TOTAAL	271	100	271	100	607	100	607	100	607	100		
0 - 4 uur	216	80	199	73	492	81	439	72	477	79	0,141	1,002
Meer as vier uur	55	20	72	27	115	19	168	28	130	21		
TOTAAL	271	100	271	100	607	100	607	100	607	100		
0 - 5 uur	239	88	223	82	526	87	500	82	536	88	0,269	0,609
Meer as vyf uur	32	12	48	18	81	13	107	18	71	12		
TOTAAL	271	100	271	100	607	100	607	100	607	100		

TABEL 9

DUI AAN IN WATTER MATE JY ELKEEN VAN DIE VOLGENDE SOORTE LEESSTOF LEES
(JOU GEWONE SKOOLBOEKE UITGESLUIT) (SEUNS)

TIPE LEESSTOF EN RESPONSE	GETAL SEUNS										CHI-KWADRAAT (x^2)	
	KONTROLEGROEP				EKSPERIMENTELE GROEP						EKSPERIMEN- TELE GROEP 1974 TEENOR KONTROLE = GROEP 1974 (gv = 1)	EKSPERIMENTE- LE GROEP 1976 (AANGEPAS) TEENOR EK- SPERIMENTELE GROEP 1974 (gv = 1)
	1974		1976		1974		1976		1976 (aangepas)			
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%		
GRAPPIGE VERHALE												
Lees dit baie	147	57	120	47	309	55	250	45	309	55		
Lees dit af en toe/Nooit	111	43	138	53	254	45	311	55	252	45	0,235	0,000
TOTAAL	258	100	258	100	563	100	561	100	561	100		
OORLOGS- EN AVONTUURVER- HALE												
Lees dit baie	152	59	166	64	352	63	364	65	335	60		
Lees dit af en toe/Nooit	105	41	92	36	211	37	199	35	228	40	0,714	0,956
TOTAAL	257	100	258	100	563	100	563	100	563	100		
DIEREVERHALE												
Lees dit baie	163	64	127	49	349	62	235	42	318	57		
Lees dit af en toe/Nooit	91	36	130	51	211	38	325	58	242	43	0,184	3,336
TOTAAL	254	100	257	100	560	100	560	100	560	100		
BYBELVERHALE												
Lees dit baie	190	74	142	55	400	71	231	41	339	60		
Lees dit af en toe/Nooit	66	26	116	45	161	29	330	59	222	40	0,607	14,271 ^{***}
TOTAAL	256	100	258	100	561	100	561	100	561	100		
DIE BYBEL												
Lees dit baie	217	84	207	81	462	83	443	79	463	83		
Lees dit af en toe/Nooit	40	16	49	19	97	17	115	21	95	17	0,285	0,004
TOTAAL	257	100	256	100	559	100	558	100	558	100		
SKOOLVERHALE EN KOSHUISVERHALE												
Lees dit baie	79	31	76	30	202	36	212	38	220	39		
Lees dit af en toe/Nooit	176	69	181	70	360	64	349	62	341	61	1,701	1,146
TOTAAL	255	100	257	100	562	100	561	100	561	100		
GESKIEDKUNDIGE VERHALE												
Lees dit baie	132	52	71	28	274	49	116	21	250	45		
Lees dit af en toe/Nooit	124	48	186	72	288	51	445	79	311	55	0,448	1,817
TOTAAL	256	100	257	100	562	100	561	100	561	100		
WETENSKAPSFIKSIE												
Lees dit baie	94	37	84	33	219	39	147	26	171	30		
Lees dit af en toe/Nooit	160	63	173	67	342	61	416	74	392	70	0,225	8,932 ^{**}
TOTAAL	254	100	257	100	561	100	563	100	563	100		

TABEL 10

DUI AAN IN WATTER MATE JY ELKEEN VAN DIE VOLGENDE SOORTE LEESSTOF LEES
(JOU GEWONE SKOOLBOEKE UITGESLUIT) (SEUNS)

TIPE LEESSTOF EN RESPONSE	GETAL SEUNS										CHI-KWADRAAT (χ^2)	
	KONTROLEGROEP				EKSPERIMENTELE GROEP						EKSPERIMEN= TELE GROEP 1974 TEENOR KONTROLE = GROEP 1974	EKSPERIMENTE= LE GROEP 1976 (AANGEPAS) TEENOR EK= SPERIMENTELE GROEP 1974
	1974		1976		1974		1976		1976 (aangepas)			
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	(gv = 1)	(gv = 1)
LIEFDESVERHALE												
Lees dit baie/af en toe	84	33	79	31	171	31	137	25	147	26		
Lees dit nooit	173	67	177	69	388	69	422	75	412	74	0,269	2,325
TOTAAL	257	100	256	100	559	100	559	100	559	100		
VERHALE OOR KINDERS												
Lees dit baie/af en toe	220	86	198	77	480	86	401	71	447	80		
Lees dit nooit	37	14	58	23	79	14	160	29	114	20	0,000	7,091 ^{xx}
TOTAAL	257	100	256	100	559	100	561	100	561	100		
GEDIGTE												
Lees dit baie/af en toe	175	69	110	43	373	66	200	36	347	62		
Lees dit nooit	79	31	148	57	188	34	358	64	211	38	0,358	2,073
TOTAAL	254	100	258	100	561	100	558	100	558	100		
OOR STOKPERDJIES												
Lees dit baie/af en toe	155	61	134	52	376	67	318	57	368	66		
Lees dit nooit	99	39	123	48	185	33	243	43	193	34	2,514	0,196
TOTAAL	254	100	257	100	561	100	561	100	561	100		
OOR SKOOLVAKKE (NIE GEWONE SKOOLBOEKE NIE)												
Lees dit baie/af en toe	183	71	146	57	431	77	280	50	362	65		
Lees dit nooit	74	29	112	43	130	23	281	50	199	35	2,682	19,886 ^{xxx}
TOTAAL	257	100	258	100	561	100	561	100	561	100		
LEWENSBEKRYWINGS												
Lees dit baie/af en toe	159	63	129	51	348	62	246	44	315	56		
Lees dit nooit	94	37	126	49	209	38	314	56	245	44	0,001	4,235 ^x
TOTAAL	253	100	255	100	557	100	560	100	560	100		
REISVERHALE												
Lees dit baie/af en toe	171	67	152	59	397	71	303	54	345	62		
Lees dit nooit	85	33	104	41	165	29	257	46	215	38	1,05	9,82 ^{xxx}
TOTAAL	256	100	256	100	562	100	560	100	560	100		
TONEELSTUKKE												
Lees dit baie/af en toe	132	52	96	38	311	56	175	31	254	45		
Lees dit nooit	123	48	159	62	249	44	384	69	305	55	0,858	11,01 ^{xxx}
TOTAAL	255	100	255	100	560	100	559	100	559	100		

TABEL 11
 DUI AAN IN WATTER MATE JY ELKEEN VAN DIE VOLGENDE SOORTE LEESSTOF LEES
 (JOU GEWONE SKOOLBOEKE UITGESLUIT) (MEISIES)

TIPE LEESSTOF	GETAL MEISIES										CHI-KWADRAAT (x^2)	
	KONTROLEGROEP					EKSPERIMENTELE GROEP					EKSPERIMEN- TELE GROEP 1974 TEENoor KONTROLE GROEP 1974	EKSPERIMENTE- LE GROEP 1976 (AANGEPAS) TEENoor EK- SPERIMENTELE GROEP 1974
	1974		1976		1974		1976		1976 (aangepas)			
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	(gv = 1)	(gv = 1)
GRAPPIGE VERHALE												
Lees dit baie	150	56	125	46	316	52	259	43	316	52	0,701	0,001
Lees dit af en toe/Nooit	120	44	146	54	289	48	347	57	290	48		
TOTAAL	270	100	271	100	605	100	606	100	606	100		
OORLOGSVERHALE												
Lees dit baie	59	22	73	27	152	25	171	28	141	23	0,940	0,496
Lees dit af en toe/Nooit	210	78	198	73	450	75	433	72	463	77		
TOTAAL	269	100	271	100	602	100	604	100	604	100		
LIEFDESVERHALE												
Lees dit baie	59	22	105	39	131	22	226	37	125	21	0,000	0,146
Lees dit af en toe/Nooit	209	78	166	61	471	78	378	63	479	79		
TOTAAL	268	100	271	100	602	100	604	100	604	100		
VERHALE OOR KINDERS												
Lees dit baie	174	65	112	41	353	59	265	44	409	67	2,760	9,13 ^{***}
Lees dit af en toe/Nooit	93	35	158	59	246	41	341	56	197	33		
TOTAAL	267	100	270	100	599	100	606	100	606	100		
DIEREVERHALE												
Lees dit baie	170	63	112	42	385	64	274	45	405	67	0,028	0,906
Lees dit af en toe/Nooit	99	37	157	58	216	36	332	55	201	33		
TOTAAL	269	100	269	100	601	100	606	100	606	100		
SPEUR-, MOORDVERHALE, "WESTERNS"												
Lees dit baie	62	23	92	34	176	29	313	52	246	41	3,23	16,99 ^{***}
Lees dit af en toe/Nooit	207	77	178	66	427	71	292	48	359	59		
TOTAAL	269	100	270	100	603	100	605	100	605	100		
BYBELVERHALE												
Lees dit baie	233	87	184	68	494	82	332	55	445	74	2,779	11,345 ^{***}
Lees dit af en toe/Nooit	36	13	87	32	110	18	273	45	160	26		
TOTAAL	269	100	271	100	604	100	605	100	605	100		
DIE BYBEL												
Lees dit baie	233	87	244	91	537	89	534	89	511	85	0,724	4,603 [*]
Lees dit af en toe/Nooit	35	13	25	9	65	11	68	11	91	15		
TOTAAL	268	100	269	100	602	100	602	100	602	100		
TONEELSTUKKE												
Lees dit baie	115	43	80	30	229	38	145	24	225	37	1,581	0,06
Lees dit af en toe/Nooit	154	57	191	70	374	62	461	76	381	63		
TOTAAL	269	100	271	100	603	100	606	100	606	100		

TABEL 12

DUI AAN IN WATTER MATE JY ELKEEN VAN DIE VOLGENDE SOORTE LEESSTOF LEES
(JOU GEWONE SKOOLBOEKE UITGESLUIT) (MEISIES)

TIPE LEESSTOF	GETAL MEISIES										CHI-KWADRAAT (x^2)	
	KONTROLEGROEP					EKSPERIMENTELE GROEP					EKSPERIMEN- TELE GROEP 1974 TEENOR KONTROLE= GROEP 1974 (gv = 1)	EKSPERIMENTE- LE GROEP 1976 (AANGEPAS) TEENOR EK- SPERIMENTELE GROEP 1974 (gv = 1)
	1974		1976			1974		1976				
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%		
GEDIGTE												
Lees dit baie/af en toe	238	89	179	67	524	87	369	61	504	83		
Lees dit Nooit	30	11	90	33	78	13	237	39	102	17	0,38	3,277
TOTAAL	268	100	269	100	602	100	606	100	606	100		
OOR STOKPERDJIES												
Lees dit baie/af en toe	190	71	153	56	456	76	308	51	397	66		
Lees dit nooit	77	29	118	44	146	24	298	49	209	34	1,806	14,759***
TOTAAL	267	100	271	100	602	100	606	100	606	100		
OOR SPORT												
Lees dit baie/af en toe	220	82	195	72	500	83	433	72	490	82		
Lees dit nooit	49	18	75	28	101	17	167	28	110	18	0,17	0,384
TOTAAL	269	100	270	100	601	100	600	100	600	100		
OOR SKOOLVAKKE												
Lees dit baie/af en toe	224	83	168	62	499	83	367	61	495	82		
Lees dit nooit	45	17	102	38	102	17	239	39	111	18	0,000	0,289
TOTAAL	269	100	270	100	601	100	606	100	606	100		
LEWENSBEKRYWINGS												
Lees dit baie/af en toe	177	66	145	54	412	69	318	53	390	65		
Lees dit nooit	91	34	123	46	183	31	283	47	211	35	0,731	2,37
TOTAAL	268	100	268	100	595	100	601	100	601	100		
GESKIEDKUNDIGE VERHALE												
Lees dit baie/af en toe	230	86	191	70	526	87	425	70	518	85		
Lees dit nooit	38	14	80	30	76	13	181	30	88	15	0,269	0,772
TOTAAL	268	100	271	100	602	100	606	100	606	100		
REISVERHALE												
Lees dit baie/af en toe	187	70	172	64	432	72	351	58	389	64		
Lees dit nooit	80	30	98	36	168	28	253	42	215	36	0,259	7,66**
TOTAAL	267	100	270	100	600	100	604	100	604	100		
WETENSKAPSFIKSIE												
Lees dit baie/af en toe	157	59	137	51	341	57	285	47	334	55		
Lees dit nooit	111	41	134	49	260	43	321	53	272	45	0,188	0,26
TOTAAL	268	100	271	100	601	100	606	100	606	100		

TABEL 13

BEHOORT JY AAN 'N BIBLIOTEEK? (NIE JOU SKOOLBIBLIOTEEK NIE) (SEUNS)

RESPONSE	GETAL SEUNS										CHI-KWADRAAT (x^2)	
	KONTROLEGROEP				EKSPERIMENTELE GROEP						EKSPERIMEN= TELE GROEP 1974 TEENOR KONTROLE = GROEP 1974	EKSPERIMENTE= LE GROEP 1976 (AANGEPAS) TEENOR EK= SPERIMENTELE GROEP 1974
	1974		1976		1974		1976		1976 (aangepas)			
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	(gv = 1)	(gv = 1)
Ja	130	50	162	63	312	56	331	59	263	47		
Nee	128	50	97	37	250	44	232	41	300	53	1,671	8,372**
TOTAAL	258	100	259	100	562	100	563	100	563	100		

TABEL 14

BEHOORT JY AAN 'N BIBLIOTEEK (NIE JOU SKOOLBIBLIOTEEK NIE) (MEISIES)

RESPONSE	GETAL MEISIES										CHI-KWADRAAT (x^2)	
	KONTROLEGROEP				EKSPERIMENTELE GROEP						EKSPERIMEN= TELE GROEP 1974 TEENOR KONTROLE = GROEP 1974	EKSPERIMENTE= LE GROEP 1976 (AANGEPAS) TEENOR EK= SPERIMENTELE GROEP 1974
	1974		1976		1974		1976		1976 (aangepas)			
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	(gv = 1)	(gv = 1)
Ja	141	52	173	64	359	59	379	63	306	50		
Nee	130	48	97	36	248	41	227	37	300	50	3,583	8,812**
TOTAAL	271	100	270	100	607	100	606	100	606	100		

Uit die resultate blyk dat televisie 'n remmende effek op beide die seuns en meisies se biblioteeklidmaatskap buite skoolverband tot gevolg gehad het.

5

SAMEVATTING

Die doel met hierdie ondersoek was om die moontlike korttermyninvloed van televisie op die leespatrone van Afrikaanssprekende standerd vyf-dagskoliere (seuns en meisies) te bepaal. Die totale steekproef is in 'n eksperimentele (televisielykers) en kontrolegroep (nie-televisielykers) verdeel. Kuier=kykers, dit wil sê persone wat nie tuis oor 'n televisiestel beskik het nie, maar wel elders gekyk het, is nie by die ondersoek betrek nie. Daar is bevind dat televisie waarskynlik 'n invloed op die volgende aspekte van die leerlinge se leespatrone gehad het.

5.1 DIE MATE WAARIN SEUNS SEKERE Tipes LEESSTOF GELEES HET

Televisie het 'n remmende effek gehad op die hoeveelheid boeke wat gelees is. Die seuns se lees van tydskrifte en strokies- en fotoverhale (die getal strokies- en fotoverhaalboekies asook die hoeveelheid tydskrifte waarin daar gelees is) is klaarblyklik nie geraak nie. In die geval van die lees van koerante kon geen berekenings gedoen word nie omdat verskille tussen kykers en nie-televisielykers reeds voor die koms van televisie voorgekom het.

5.2 DIE MATE WAARIN MEISIES SEKERE Tipes LEESSTOF GELEES HET

Meer meisies het aangedui dat hulle Sondagkoerante gelees het, terwyl minder van hulle strokies- en fotoverhaalboekies gelees het. Die getal boeke wat deur die meisies gelees is, is blykbaar nie geraak nie. Met betrekking tot die lees van tydskrifte, strokiesverhale wat in koerante

verskyn en die aantal dae van die week waarop daar koerant gelees is, het die televisiekykers en nie-kykers reeds in 1974 verskille getoon met die gevolg dat geen verdere statistiese berekenings in hierdie geval gedoen kon word nie.

5.3 DIE AANTAL URE WAT SEUNS EN MEISIES GEDURENDE DIE WEEK AAN LEES AFGESTAAN HET

Die invloed van televisie is by hierdie veranderlike met behulp van sewe vergelykings ondersoek. Met betrekking tot seuns is daar by vier vergelykings vasgestel dat televisie 'n remmende effek tot gevolg gehad het op die tyd wat hulle aan lees afgestaan het. Die teenoorgestelde tendens is by drie vergelykings van die meisies bespeur. Televisie het hulle klaarblyklik gestimuleer om meer tyd aan lees af te staan.

5.4 DIE MATE WAARIN SEUNS EN MEISIES OOR SEKERE ONDERWERPE GELEES HET

Seuns het minder Bybelverhale, wetenskapsfiksie, verhale oor kinders, leesstof oor skoolvakke, lewensbeskrywings, reisverhale en toneelstukke gelees. Die mate van meisies se voorkeur vir Bybelverhale, literatuur oor stokperdjies en reisverhale het afgeneem terwyl daar ook 'n moontlike remmende effek op die mate waarin die Bybel gelees word, voorgekom het. Televisie het 'n stimulerende uitwerking gehad op die mate waarin meisies oor die volgende onderwerpe gelees het: verhale oor kinders en speur-/moordverhale/ "Westerns".

5.5 BIBLIOTEEKLIDMAATSKAP

Televisie het 'n remmende effek op beide die seuns en meisies se biblioteeklidmaatskap buite skoolverband tot gevolg gehad.

LITERATUURLYS

- 1 FURU, T. ed. Television and children's life. A before-after study. Tokio, Japan Broadcasting Corporation, Radio and Television Culture Research Institute, 1962.
- 2 HIMMELWEIT, H.T., OPPENHEIM, A.N. and VINCE, P. Television and the child: an empirical study of the effects of television on the young. London, Oxford University Press, 1958.
- 3 LANDMAN, W.J.J. in Sosiaal-pedagogiese analise van die vryetydsbesteding van standerds 8-, 9- en 10-leerlinge in Afrikaansmedium skole in Durban. Pietermaritzburg, Universiteit van Natal, 1972. (M.Ed.-verhandeling.)
- 4 MACCOBY, E.E. Television and its impact on school children. Public Opinion Quarterly 15, 1951-1952: 421-444.
- 5 McDONAGH, E.C. et al. Television and the family. Sociology and Social Research 35, 1950-1951: 113-122.
- 6 PIETERSE, J.E. red. Jeug en vryetyd. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1967.
- 7 ROBERTS, G.O. The reading of comics by pupils attending high schools in the Cape Peninsula. Cape Town, University of Cape Town, 1955. (M.Ed. dissertation.)
- 8 SCHRAMM, W., LYLE, J. and PARKER, E.B. Television in the lives of our children. Stanford, California, Stanford University Press, 1961.
- 9 SIEGEL, S. Nonparametric statistics for the behavioral sciences. New York, McGraw-Hill, 1956.



- 10 STONE, W.M. An investigation into the reading interests of 12-15 year old English-speaking pupils in the Cape Peninsula and suggestions for the improvement of reading materials for this age group. Cape Town, University of Cape Town, 1953. (Ph.D.thesis.)

- 11 WITTY, P. and KINSELA, P. Children and the electronic Pied Piper. Edu-
cation 80, 1959: 48-56.